
Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 16, Nr 1, 1986. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# DIE MAPOCH-OORLOG, 1882–1883

**O kpl F.A. van Jaarsveld***


## Inleiding

Gedurende die jare 1882–1883 was Noordoos-Transvaal die toneel van 'n bloedige oorlog tussen die Zuid-Afrikaansche Republiek en die Ndzundza-Ndebele, beter bekend as die Mapochstam of die Mapoggers. Die Ndzunda-Ndebele, vandag die bewoners van die nasionale staat KwaNdebele, is wat hul geskiedenis betref een van Suid-Afrika se minder bekende maar tog een van die interessantste stamme. Weens die feit dat die Ndzundza Nguni-sprekend is, word hulle dikwels verkeerdelik met die nasate van Mzilikazi in verband gebring. Die Ndzundza het hul moontlik so vroeg as die vroeë sestiende eeu in Transvaal gevestig, waar hulle reeds vir meer as twee eeue was toe Mzilikazi sy plundertog deur die Transvaal onderneem het.[2] Oor al die eeue heen het die Ndzundza, ten spyte van kulturele beïnvloeding deur die Sotho, hul taal en vernaamste kultuureienskappe behou.[3]




*Die sogenaamde "Mapochsgronden" tydens die Mapoch-oorlog (1882–1883)*

Na vele omswerwinge in die Transvaal, het die Ndzundza onder die leiding van die legendariese Mabhogo hul teen ongeveer 1839 te KoNomtjarhelo, in die rante direk oos van die huidige dorp Roossenekal gevestig. Hier het die Ndzundza vir ongeveer ses jaar gewoon voordat die Trekkers onder leiding van A.H. Potgieter dieselfde gebied teen 1845 beset het. Na bewering het die Trekkers die Ndzundza in 'n uiters ellendige en verswakte toestand aangetref as gevolg van die verwoestende aanvalle van Mzilikazi op hulle vroeër.[4] Weens die stabiliteit wat Blanke intrekkers in die gebied teweeggebring het, het die Ndzundza geleidelik sterker geword sodat die Boere in 1849 'n kommando teen Mabhogo moes uitstuur om 'n einde te maak aan sporadiese veerowery.[5] Dit het Mabhogo vir meer as 'n dekade lank in bedwang gehou. Vanaf 1860 tot 1865 was die Blankes egter vir bykans vyf jaar in 'n oorlog met die Ndzundza gewikkel na Mabhogo hom in 1860 onafhanklik van ZAR-gesag verklaar het. Weens hul interne verdeeldheid en getalsgeringheid, het die Boere in 1865 geen ander keuse gehad as om Mabhogo se soewereiniteit te erken en veertig beeste aan hom te betaal ten einde vrede te bewerkstellig nie.[6] Mabhogo is in 1865 oorlede en opgevolg deur eers Cornelis I (1865–1873) en daarna deur Rhobongo (1873–1879), waartydens goeie betrekkings met die Blankes gehandhaaf is. In 1879 het Nyabela Mahlangu as regent opperhoofskap oor die Ndzundza aanvaar.




***Noordoos-Transvaal in die negentiende eeu***

Verskeie historici het oor die oorsake van die Mapoch-oorlog gespekuleer. Vandag bestaan daar egter min twyfel dat die oorlog sy ontstaan gehad het in eerstens gronddispute en tweedens die ondersteuning en beskerming wat Nyabela verleen het aan Mampuru, 'n destydse aanspraakmaker as kaptein van die naburige BaPedi-stam van Sekhukhune. In 1880 het Nyabela aanspraak gemaak op ongeveer dertig Transvaalse plase wat rondom die gebied waar die Ndzundza gewoon het, geleë was. Toe Nyabela die Blanke bewoners van hierdie plase begin terroriseer het, het die destydse Brits-Transvaalse regering 'n kommissie van ondersoek aangestel om die grondgeskil te besleg.[7]

Voordat die kommissie egter sy werksaamhede kon voltooi, het die Eerste Vryheidsoorlog uitgebreek. Dit het tot gevolg gehad dat die gronddispuut onopgelos deur die Driemanskapregering van die Transvaalstaat geërf is. Dit het weer beteken dat die Naturelle-Lokasiekommissie, wat ingevolge die Pretoriase konvensie gekonstitueer is om woonterreine vir Swart stamme binne die Transvaal af te baken,[8] die geskil moes besleg.



***Nyabela Mahlangu***

Nyabela het enige samewerking met hierdie kommissie geweier.[9] Die vonk in die kruitvat sou egter Nyabela se beskerming van Mampuru wees. Na Mampuru sy halfbroer Sekhukhune in 1882 laat vermoor het, is 'n kommando onder die leiding van genl Piet Joubert, kommandant-generaal van Transvaal, uitgestuur om die opstandige Mampuru te arresteer.

'n Transvaalse Uitvoerende Raadsbesluit het hierdie kommando gemagtig om op te tree teen enige Swart kaptein en sy volgelinge wat geweier het om behulpsaam te wees met die opspoor van Mampuru.[10]

Toe genl Joubert Nyabela teen November 1882 opdrag gegee het om Mampuru te help opspoor, het hy geweier. Hy het Mampuru trouens beskerming verleen. Gevolglik het Joubert en sy kommando direk teen die Ndzundza opgetrek, waarop 'n oorlog gevolg het wat net langer as agt maande geduur het en die ZAR ongeveer $40 000 gekos het.[11]

## Aanvang van die oorlog

Die oorlog teen die Ndzundza was een van die moeilikste kampanjes teen 'n Swart stam waarmee die Transvaalse Boere tot en met 1882 te doene gekry het. Na die verslaning van die Bapedi en Zoeloes in 1879, was die Ndzundza naas die Swazis militêr gesproke een van die sterkste en bes georganiseerde onafhanklike stamme in Suidelike Afrika.[12] Vir die Transvaalse Boer was dit ook simbolies 'n beslissende stryd. Theal het bevind dat "upon the result of the campaign would largely depend the supremacy of the European race in South Africa – such another disastrous event as the failure of the Cape Colony to suppress rebellion in Basutoland would certainly ruin the prestige of the White man in all parts of the country."[13] Dus moes die stryd tot elke prys gewen word. Theal se bewering verklaar dan ook waarom die Britse regering sy steun aan die Zuid-Afrikaansche Republiek in die oorlog toegesê en begrip gehad het vir die "difficulties which have been forced upon it by the action of that chief and his people."[14]



***Genl P.J. Joubert, aanvoerder van die Boeremagte tydens die Mapoch-oorlog (1882–1883)***

Genl Joubert en sy magte het geweldige weerstand ondervind. Dit het die Transvaal met 2 000 manskappe langer as agt maande geneem om die Ndzundza tot oorgawe te dwing. Die Boere het gewere en perde, kanonne, vuurpyle, dinamiet en forte tot hul beskikking gehad, terwyl krygers, slagvee en ander bystandmiddele van omliggende Swart kapteins opgekommandeer is. Hierteenoor kon die Ndzundza met 'n bevolking van 10 000 siele, slegs 2 000 krygers in die veld stoot.[15]

Verskeie faktore het daartoe meegewerk dat die Boeremagte nie in staat was om die Ndzundza sonder meer te onderwerp nie: Eerstens het die aard van die terrein waarop die gevegte plaasgevind het, die Ndzundza tot voordeel gestrek. Koppies, klowe, skeure en gate met digte ondeurdringbare plantegroei (hoofsaaklik doringbos en turksvy) het as uitstekende natuurlike verskansing gedien. Tweedens het die Ndzundza met verloop van tyd heelwat fortifikasies soos klipmure met skietgate opgerig. Dit was waarskynlik in navolging van die Blankes se gebruik van forte en skanse by Schoemansdal en Ohrigstad. Derdens was die Ndzundza ook goed voorsien van vuurwapens wat hoofsaaklik deur smokkelhandel en as loon op die diamantvelde van Kimberley en Barkley-Wes verkry is. Vierdens het 'n mannekragtekort aan Boerekant die Ndzundza tot voordeel gestrek. Vyfdens het voortdurende Swart onrus op die grense met Zoeloeland en in Noord-Transvaal burgers verhoed om hul plase te verlaat en by die kommando aan te sluit, terwyl heelwat bloot onwillig was om aan die veldtog deel te neem.[16]

Die Ndzundza se verdedigingstellings was versprei oor 'n uitgestrekte gebied van sowat 84 km² en onder beheer van verskeie hoofmanne. Makwanistat was sowat 6 km noord van die hoofstat Erholweni geleë en onder die bevel van Mazimerla Ngwana (Nkwana). Tussen Erholweni en Makwanistat was vier statte onder beheer van Kabinde en die Masombukasibbe, nl Perskestat, Vaalstat, Lemoenstat en Galgstat (KwaNtanyana). Die Spitskopvesting, een van die sterkste en belangrikste vestings, was ongeveer 2 km suid van Erholweni en onder bevel van Tappies Mahlango. Ongeveer 1 km oos van Erholweni was die Platstatvesting onder bevel van uMagijma Skosana. KwaMrhali (Boskop) was sowat 1 km oos van Erholweni en onder die gesamentlike beheer van Masilela en Masango. Die verste suidelike vesting was Vlugkraal (KwaPondo) onder gesag van die Mahlangusibbe. Lede van die Mthombeni-sibbe het op die kruine spioenasiediens verrig. Die landerye is teen die laer hange van die vestings aangebring terwyl water uit omliggende spruite en fonteine verkry is.[17] Die strategie van die Boeremagte was om die Ndzundza met behulp van die oprig van tydelike forte effektief te beleër en hulle so van hul voedselvoorrade af te sny, wat hul uiteindelik tot oorgawe moes dwing.[18]



***Klipmuurverskansings met skietgate by Erholweni***

Die Mapoch-oorlog het amptelik op 7 November 1882 'n aanvang geneem toe 'n Ndzundza-krygsmag onverwags nagenoeg 946 osse van die Boerekommando gebuit het. In 'n opvolgaksie het die burgers egter daarin geslaag om almal terug te neem waartydens twintig Ndzundzas gedood is. Hierop het die kommandant-generaal na bewering 'n boodskap aan Nyabela gestuur waarin hy hom versoek het om sy dooies en gewondes van die slagveld te verwyder. Nyabela het aan Joubert laat weet dat hy nie daarin belangstel nie aangesien die aasvoëls na hulle sou omsien. Ook hy het Joubert na bewering versoek om toe te sien dat die Boere-kommando's nie so naby die Ndzundza-vestings verby

beweeg nie aangesien dit die vrouens en kinders verskrik het. Indien Joubert met hom (Nyabela) wou praat, moes hy na die hoofstat kom en nie boodskappe stuur nie.[19]

Uit Nyabela se houding was dit duidelik dat 'n taai stryd voorgelê het. In Pretoria het die regering inderhaas verdere reëlings getref om hulp aan die kommando te verleen. Reeds op 10 November is die kommandant-generaal per brief in kennis gestel dat hulp in die vorm van kommando's op pad was. 'n Dokter sou die kommando heeltyds vergesel, terwyl reëlings getref is om twee kanonne en soveel dinamiet moontlik na die slagveld te stuur.[20] Daar is ook gepoog om vrywilligers te werf.[21]

Die eerste taak van die Boeremagte was om die Vlugkraalstelling te probeer inneem. Om dié rede is daar begin om 'n fort sowat 2 km vanaf die vesting op te rig. Reeds op 17 November het die Ndzundzas 'n aanval op die burgers in die half voltooide fort gedoen waartydens een burger gewond en 40 Ndzundzas die lewe gelaat het.[22] Kort hierna het Nyabela drie van sy boodskappers (Kleinbooi, Jonas en Esau) na die kommandant-generaal gestuur om te verneem op watter voorwaardes vrede bewerkstellig kon word.

Joubert het die boodskappers meegedeel dat hy beslis nie sou onderhandel met afgesante van Nyabela nie. Indien Nyabela vrede verlang het, moes hy "en zyn Generaal" self kom.[23] Nyabela het nie hierop gereageer nie en gevolglik is die stryd voortgesit. Op 21 November het die Boeremagte 'n artillerie-aanval op Vlugkraal geloods, maar ook dit was sonder enige sukses.[24] In hierdie stadium het die Boeremagte daartoe oorgegaan om met dinamiet te eksperimenteer – blykbaar 'n poging om van die gate en grotte waarin Ndzundzas geskuil het, toe te skiet. Na suksesvolle eksperimente op 24 November het kommandant Senekal op 25 November 'n ekspedisie na nabygeleë skuilings gelei. Dié pogings was 'n mislukking, Senekal self en nog 'n burger, Stoffel du Plooy, het gesneuwel.[25]

Vir die Boeremagte was dit gou duidelik dat hulle nie maklik alleen die mas sou opkom nie. Swart krygshulp was 'n klaarblyklike hulpmiddel. Joubert het gevolglik briewe aan die Swart hoofmanne Petrus, Mogali en Kameel (Mazip) afgestuur waarin hulle aangesê is om hulle met soveel moontlik weerbare krygers, maar minstens 300 elk, binne 3 dae by die hooflaer naby Vlugkraal aan te meld waar hulle verdere opdragte sou ontvang. Genoegsame voedselvoorrade moes saamgebring word.[26] Kort hierna het nog 500 manskappe van Oscar Dahl uit die Zoutpansberg by die Boerelaers aangesluit.[27]

Versterk deur die ekstra manskappe, het assistent-kommandant S.P. Trichardt, bygestaan deur assistent-kommandant Roos en S.P. Grové, op 4 Desember 'n aanval op die statte van Malgas en Wildebees Mahlangu gedoen. Afgesien van veertien beeste wat hulle buitgemaak het en 28 vroue en kinders wat gevange geneem is, kon die Boeremagte nie verdere vordering maak nie.[28] Op 9 Desember is 'n tweede poging aangewend om Malgas en Wildebees te beleër, maar ook sonder sukses weens die uitstekende verskansing van die Ndzundzas. Beide kapteins moes later oorgee nadat die Boeremagte hul onderdane in twee grotte vasgekeer het.[29]

Ná die Naturellekommissaris J.A. Erasmus vasgestel het dat Mampuru hom te Makwanistat bevind, is hierdie vesting op 7 Desember 1882 bestorm. Die kommando het daarin geslaag om die Ndzundza-krygers tot teenaan die bergvesting terug te dryf, maar 'n horde van tussen 600 en 700 krygers het betyds vanaf die hoofstat opgedaag en die Boeremagte teruggedwing. Ene Izak Breytenbach is gewond en die Transvaalse vlag is deur die Ndzundas afgeneem.[30] Dit was een van die grootste nederlae wat die Boeremagte sedert die begin van die oorlog gely het.

Hoewel die Boeremagte by Makwanistat verneder is, het hulle elders op die oorlogsfront sukses behaal. Op 8 Desember het vier van Nyabela se onder-kapteins, naamlik "Maklip", "Commentaan", "Maroebel" en "Tamboes" en al hul volgelinge hulle aan kommandant J.C. Winterbach oorgegee in die omgewing van Maklip se stat.[31] Hoe en presies waar dit plaasgevind het, is nie duidelik nie, maar die net om Nyabela het nouer begin span. Na dié oorgawe was die meerderheid van die Ndzundzas se kleiner krale onder beheer van die Boeremagte. Daarna kon die Boere en hul bondgenote hulle toespits op die sterker vestings Erholweni, Spitskop, Vlugkraal en Makwanistat waar ook Mampuru steeds geskuil het.

Teen die einde van Desember 1882 het kragdadige optrede vanaf Boerekant bykans tot stilstand gekom. Hoewel die Boere se hooflaer in 'n gunstige posisie ten opsigte van Nyabela se hoofstat was, het die gebrek aan grofgeskut en

mannekrag daadwerklike optrede bykans onmoontlik gemaak. Die krygsraad het besef dat "de lager niet nader maar ook niet verder van de vyand kan komen."[32] 'n Skaakmatposisie is bereik. Teen 15 Januarie 1883 het genl Joubert aan S.J.P. Kruger laat weet dat hy nie eens oor genoeg manskappe beskik het om sy laer behoorlik te bewaak nie. Geen vordering kon gemaak word nie.[33] 'n Aanbod van kaptein Mogalie aan Joubert om 'n kommando van 200 swart krygers ter ondersteuning van die kommando te lewer,[34] moes van die hand gewys word weens 'n dreigende voedseltekort en omdat Joubert niks wou doen voordat verdere hulp uit Pretoria opgedaag het nie.[35] Die Boeremagte het intussen ook 'n ander terugslag beleef: Op 11 Januarie is Fort Nuwerjaar tydens 'n hewige donderstorm deur 'n weerligstraal getref. Een burger is gedood terwyl 28 ander ernstige beserings opgedoen het.[36]

Nyabela se voedselvoorrade was intussen aan die opraak. Op 20 Januarie het 'n Ndzundzakrygsmag van 300-man die Bapedi-krale van "Masa", "Ranto" en "Copolie" bestorm, blykbaar met die doel om voedsel te bekom. "Copolie" se krygers het die aanval afgeslaan en die Ndzundza tot aan die Steelpoortrivier teruggedryf.[37]

Moontlik het die dreigende hongersnood onder die Ndzundzas die Boeremagte tot hul volgende oorwinning by die Vlugkraalvesting aangespoor. Op 25 Januarie het kommandant J.A.J. van Rensburg die vesting met 'n Armstrong-kanon gebombardeer. Sowat 45 bomme is afgevuur waarvan ongeveer twee-derdes in die kol was. Dit het vir die Boeremagte egter geen vrugte afgewerp nie.[38] Vervolgens is besluit om Vlugkraal op 5 Februarie 1883 te voet te bestorm en om dan ook van dinamiet gebruik te maak.[39] Die aanval op Vlugkraal het teen dagbreek op daardie dag begin. Hoewel sterk teenstand ondervind is, was die stat teen laatmiddag geheel en al deur die Boere onderwerp. Vyandelike verlies is onbekend, maar aan Boerekant is verskeie burgers gewond en minstens twee het gesterf.[40]

Die oorwinning van die Boere te Vlugkraal het hoop laat opvlam dat die Ndzundza spoedig verslaan sou word. Afgesien van Erholweni en Makwanistat, was Tappies Mahlangu se Spitskop-vesting vir die Boere steeds 'n groot struikelblok. Spitskop was uitstekend verskans met digte natuurlike plantegroei, skeure en rotsgate, en ook direk met voetpaadjies aan die hoofstat Erholweni verbind.[41] Op 25 Februarie 1883 het die krygsraad besluit dat aangesien Spitskop so deeglik verskans was, 'n loopgraaf in die rigting van die kop gegrawe moes word. Daaruit moes 'n tonnel onder die kop ingegrawe word sodat die Boeremagte die kop met dinamiet die lug kon inskiet. 'n Kommissie bestaande uit die kommandante van onderskeidelik Rustenburg, Pretoria en Wakkerstroom is aangestel om die nodige ondersoek te doen en aanbevelings te maak.[42] Op 28 Februarie het 'n ekspedisie bestaande uit 100 voetgangers en 100 perderuiters in die rigting van Spitskop beweeg. Verskeie skote is oor en weer geskiet, maar sonder groot lewensverliese aan Boerekant. Heelwat Ndzundza-krygers is deur die Boere in die klipskeure vasgekeer wat suksesvol met dinamiet toegeskiet is.[43] Die kop self kon nie ingeneem word nie. Veldkornet S.J. Roos, 'n Amajubaheld, is tydens die skermutselings doodgeskiet.

Op 1 Maart 1883 het die kommissie wat aangestel is om die tonnelgrawery te Spitskop te ondersoek, aan die krygsraad en kommandantgeneraal verslag gedoen. Volgens hul aanbevelings moes 'n tonnel aan "deze zyde" van Spitskop ingegrawe en daarna met dinamiet die lug ingeskiet word. Reeds op 2 Maart het die grawery aan die loopgraaf 'n aanvang geneem. Teen 8 Maart is tot sover as ± 400 m vanaf die voet van die kop gevorder. Grawery is egter belemmer deur die Ndzundza-skuts wat gereeld op die werkers losgebrand het.[44]

## Die einde van die oorlog

Teen die middel van Maart 1883 was dit duidelik dat al die oorblywende Ndzundza-vestings min of meer effektief deur die Boereforte en laers omsingel was en dat die voedselskaarste onder die Ndzundza kritieke afmetings aangeneem het. Dit het die hoop by die krygsraad laat ontstaan dat die Ndzundza spoedig sou oorgee en dat 'n beslissende veldslag met gepaardgaande lewensverliese onnodig sou wees.[45] Die hongersnood onder die Ndzundzas het moontlik ook veroorsaak dat Nyabela nog 'n keer om vrede kom vra het. Op 21 Maart 1883 het hy sy tolk Kleinbooi na die Boerelaer gestuur met 'n boodskap aan Joubert. Die Boere moes 'n afgevaardigde na Erholweni stuur om Nyabela "zyn woord te hoor", aangesien hy al vier keer sonder sukses om vrede gevra het. Nyabela self was, volgens sy boodskapper, te bang om na die Boerelaer te kom. Joubert se antwoord aan Nyabela was dat slegs die uitlewering van Mampuru en 'n onvoorwaardelik oorgawe van die Nd-

zundza vrede kon herstel. Indien nie, sou Nyabela verantwoordelikheid moes aanvaar vir die hongersnood van sy volk.[46] In die lig van die hongersnood het Joubert hom vanaf Maart toegespits op die vernietiging van die Ndzundzalanderye terwyl skermutselinge uit vrees vir lewensverlies vermy is. Na Joubert se mening kon dit dus nie meer lank duur voordat die Ndzundzas noodgedwonge sou moes oorgee nie.[47] Teen April het heelwat Ndzundzas as individue aan die Boeremagte begin oorgee. Volgens hierdie mense was daar ook vele ander wat hulself graag sou wou oorgee, "but they are only held back by the fear that they will be killed by the whites."[48]

Ondertussen het die grawery aan die loopgraaf en tonnel by Spitskop voortgeduur. Teen 6 April 1883 was die loopgraaf, waarvan die oorblyfsels vandag nog te sien is, sowat 125 meter lank en tussen 1 en 2 meter diep. Die vordering was dus stadig, hoofsaaklik weens die voortdurende skietery op die grawers en omdat die Ndzundzas gereeld gedurende die nag daarin geslaag het om die loopgraaf toe te gooi. Op 16 April is dit byvoorbeeld oor 'n afstand van ± 75 meter met grond opgevul.[49] Ten einde hierdie probleem die hoof te bied, is besluit om 'n mobiele ysterfort op die voorpunt van die loopgraaf op te rig. Laasgenoemde het op 13 April gearriveer. Die fort was van ± 2 cm dik staalplate vervaardig, ongeveer 2,5 m hoog en het aan die binnekant 'n stel wiele gehad waarop dit na vore kon beweeg namate die grawery gevorder het. Agt skietgate en 'n bodem van dik planke is as verdere beskermingsmaatreël aangebring.[50] Na die aankoms van die fort het die loopgraaf en tonnel-grawery aansienlik vinniger gevorder. In Junie was dit egter duidelik dat die beoogde opblaas van die kop op 'n totale mislukking sou uitloop nadat daar teen 'n ondeurdringbare rotslaag vasgegrawe is. Die mobiele fort is hierop met sandsakke vasgepak en in 'n statiese vesting verander.[51]

Op 4 Mei 1883 het Nyabela twee van sy volgelinge, ene "Ombinde" en nog 'n persoon van wie die naam onbekend is, na die hooflaer gestuur om nog 'n maal om vrede te vra. Hulle is egter meegedeel dat geen onderhandelinge moontlik was voordat Mampuru uitgelewer word nie, waarop hulle terug is.[52] 'n Dag later het hulle weer by die laer opgedaag, vergesel van ene Malaslesa en nog twee volgelinge. Visagie het Nyabela se boodskappers hierop nog 'n keer meegedeel dat daar slegs een voorwaarde vir onderhandeling was – Mampuru moes uitgelewer word. Hy het hulle ook verseker dat indien Mampuru sou uitkom en 'n wit vlag dra, hy nie doodgeskiet sou word nie. Op 6 Mei 1883 het dieselfde boodskappers vir 'n derde keer na die Boerelaer teruggekom, dié keer met 'n wit vlag, maar steeds sonder Mampuru. Nyabela wou die Boere 'n aanbod maak – hy sou Mampuru onder die Ndzundzas uit verdryf en aan sy eie genade oorlaat, maar hom nie uitlewer nie. Van die Boere wou hy weet of dit nie voldoende sou wees vir die verkryging van vrede nie. Visagie het aan Nyabela laat weet dat hy weier om verder te onderhandel – Mampuru moes uitgelewer word of die oorlog sou voortduur.[53]


Gedurende die oorblywende gedeelte van Mei en Junie 1883 het die skaakmatposisie op die oorlogsfront voortgeduur. Toe dit vir die regering in Pretoria duidelik geword het dat Nyabela nie sonder meer sou oorgee nie, het die Volksraad op 26 Junie 1883 besluit om so gou as wat die belangrikste sake afgehandel kon word, te verdaag. Hierna sou elke Volksraadslid in die onderskeie distrikte soveel burgers as moontlik bymekaar kon maak om na die oorlogsfront op te trek sodat die oorlog finaal beslis kon word. Voordat hierdie Volksraadsbesluit uitgevoer kon word, was dit duidelik dat die Ndzundzas se fut uit was. Op 9 Julie 1883 het P.J. Joubert aan S.J.P. Kruger, wat intussen tot Staatspresident verkies is, laat weet dat "het begen van de einjde" aangebreek het. Op 7 Julie het Nyabela sy tolk Kleinbooi na die kommandant-generaal gestuur met die boodskap dat "Nabel nu hat uitgevonden dat Mampoer een schelm est" en dat hy ook nou besef dat Joubert vanaf die begin die "waarheid" gepraat het. Nyabela wou voorts weet of, indien hy Mampuru sou uitlewer, hy onmiddellik vrede kon kry. Joubert het aan Nyabela laat weet dat enige onderhandelings met betrekking tot vrede slegs kon begin nadat Mampuru uitgelewer is. Die volgende dag het Kleinbooi teruggekom en Joubert meegedeel dat Mampuru weier om hom te laat vang – hy sou met geweld gebring moes word. Dieselfde aand is 'n geboeide Mampuru egter aan Joubert oorhandig, waarop Joubert 'n boodskap aan Nyabela laat stuur het – Joubert wag op hom en hy moet uitkom sodra hy gereed was. Kleinbooi het Joubert egter verseker dat dit nie lank sou duur nie, "want de honger es groot".[54] Joubert het hierop 'n finale boodskap aan Nyabela gestuur – "... als Nabel nu uitkomt om de vrede klaar te maken zal hy niet van de koegel sterven – maar komt hy niet dan moet ek aanhouden tot hy door den koegel dood ..."[55]



*'n Toegegroeide loopgang tussen twee skansmure*



*Standbeeld van kaptein Nyabela by Erholweni naby Roossenekal wat in 1970 opgerig is*



*'n Deel van die skansmure wat deur die Ndebele om hul bergvesting opgerig is*



*Die talle skietgate in die skansmure het aan die verdedigers 'n redelike skootsveld gebied*

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 16, Nr 1, 1986. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

## Die oorgawe van Nyabela

Op 10 Julie 1883 het Nyabela hom met 8 000 onderdane aan Joubert en sy magte oorgegee. Uitgehongerde Ndzundzas het uit die berg gestroom, waarop twee waens dadelik na die nabygeleë sendingstasie Bothsabelo gestuur is om te gaan meel haal.[56] Kennis van Nyabela se oorgawe is dadelik aan die Britse Resident gegee,[57] terwyl die kommandant-generaal die regering in Pretoria versoek het om 'n landswye dankdag af



*Kommando na afloop van die Mapoch-oorlog in Julie 1883 in Pretoria (Foto – Transvaalse Argiefbewaarplek)*

te kondig.[58] Die regering het onverwyld gelukwense aan Joubert gestuur met die behaalde sukses.[59]

Op 1 Augustus het die wenkommando Pretoria binnegetrek waar 'n kleurryke ontvangs op hulle gewag het. Dertien kanonskote het hulle verwelkom, asook 'n erewag van perderuiters op Kerkplein. Aan Joubert is as blyk van waardering 'n silwer vaandel met 'n Vierkleur daarop gemonteer, oorhandig.[60]

So het die Mapoch-oorlog, wat presies agt maande en een dag geduur het, formeel ten einde geloop. Vir die Ndzundzas het dit die finale einde van hulle onafhanklikheid beteken. 'n Proklamasie van 31 Augustus 1883 het hulle lot finaal beseël toe besluit is dat die Mapochsgronden in klein plasies onderverdeel sou word en dat hierdie grond as beloning aan die burgers wat aan die stryd deelgeneem het, gegee sou word.[61] Die Ndzundza-stamlede sou vir vyf jaar op Blanke plase in verskillende Transvaalse distrikte "ingeboek" word waar hulle arbeid moes verrig vir kos, klere en nie meer as 3 pond per jaar salaris nie. So sou "verdere onlusten en oneenighede" effektief voorkom word.[62]

Na afloop van die oorlog is Nyabela en Mampuru in twee afsonderlike sake in die Hooggeregshof van Pretoria deur 'n jurie onder voorsitterskap van regter J.H. Kotzé verhoor. Mampuru het op 17 September 1883 vir 'n tweedaagse verhoor verskyn op aanklagte van moord, openbare geweld en oproer. Mampuru is eenparig skuldig bevind en op Donderdag 20 September 1883 is hy ter dood veroordeel.[63] Nyabela se saak het op 21 September 'n aanvang geneem. Dieselfde aanklagte as wat teen Mampuru ingebring is, behalwe dié van moord, is ook teen Nyabela voorgehou. Vir Nyabela, wat onskuldig gepleit het, het opgetree adv H.W.A. Cooper, voormalige landdros van Lydenburg, wat goed bekend was met die Ndzundzas. Vir die staat het verskyn Carl Ueckermann, waarnemende staatsprokureur. Soos Mampuru, is ook Nyabela skuldig bevind aan al die aanklagte teen hom ingebring. Nadat uitspraak gelewer is, is daar aan Nyabela gevra of hy enige redes kon aanvoer waarom die doodvonnis nie oor hom uitgespreek moes word nie. Nyabela het geantwoord dat hy nie minder as tien keer om vrede gevra het nie. Alle getuienis teen hom was vals en hy is onskuldig. Hierop is die doodvonnis oor die Ndzundza-opperhoof uitgespreek.[64]

Op 17 November het die Uitvoerende Raad egter besluit om op grond van vertoë deur die Britse Resident asook 'n latere brief van regter Kotzé ter advisering van die Raad, Nyabela se vonnig te versag tot lewenslange gevangenisstraf met harde arbeid.[65] Met betrekking tot Mampuru is daar reeds op 16 November besluit dat die vonnis bekragtig moes word. Die datum en plek van teregstelling is bepaal as Donderdag 22 November 1883 tussen ses en agtuur die oggend op 'n posisie ongeveer 50 meter wes van die tronkgebou in Pretoria-Wes.[66] Tydens Mampuru se teregstelling het die tou gebreek, en moes hy vir 'n tweede keer gehang word – dié keer suksesvol. Nyabela, wat die teregstelling bygewoon het, was so ontstel dat hy in trane uitgebars het.[67]

Nyabela self het uiteindelik 'n verkorte vonnis uitgedien. In 1898 is hy vrygelaat waarna hy hom met 'n aantal volgelinge te KwaMkhina (Derdepoort, naby Pretoria), gevestig het. Hy is op 19 Desember 1903 oorlede,[68] 'n datum waarop die Ndzundzas steeds 'n jaarlikse gedenkfees hou.


**Verenig in 'n eie staat**

Na verloop van 100 jaar is die Suid-Ndebele, wat die Ndzundza en Manala insluit, weer verenig tot een volk binne die grense van 'n eie nasionale staat. Met die instel van 'n gebiedsowerheid in 1977, is hierdie volk op die pad van staatkundige ontwikkeling geplaas.

Gepaard met die ontwikkeling van die Ndebelestaat, is die eerste weermagsbasis op 30 Augustus 1985 geopen deur die hoofminister mnr S.S. Skosana. Met dié gebeure is die trotse geskiedenis van die Ndebele weer voortgesit, soos hoofminister Skosana tydens die geleentheid ook gesê het – "Ons voorvaders het militêre basisse regoor Transvaal gehad waar hul hulself in verdediging gefortifiseer het. Die Ndebele was nog nooit as aggressors bekend nie, maar het 'n reputasie van goeie defensiewe optrede."[64]

Waar die Blanke regering en die Ndebele in die vorige eeu in konfrontasie gewikkel was wat op 'n gewapende botsing uitgeloop het, is daar vandag 'n wedersydse respek en agting vir mekaar en 'n gesonde gees van samewerking heers tussen die Swart staat en die Republiek van Suid-Afrika.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 16, Nr 1, 1986. http://scientiamilitaria.journals.ac.za



**Die oop terrein onder Nyabela se bergvesting waar sy krygers gewoon het. Let op die standbeeld van Nyabela in die agtergrond**



**Soos hierdie foto aandui, was Nyabela se bergvesting uiters onbegaanbaar en kon dit maklik verdedig word**

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 16, Nr 1, 1986. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

KwaNdebele se eerste militêre eenheid, 115 Bataljon, het op 25 Januarie tot stand gekom en sal die nükleus van die staat se weermag vorm. Die lede van 115 Bataljon is by 21 Bataljon van die Suid-Afrikaanse Weermag opgelei in die bedryf van stedelike en landelike teeninsurgensie-operasies.

Fenomenale ontwikkeling op haas elke terrein het gedurende die afgelope agt jaar in KwaNdebele plaasgevind. Dit word ook verwag dat die Ndebele regering die Sentrale Regering in 1986 sal nader om volle onafhanklikheid te verkry.



***Lede van 115 Bataljon op parade tydens die amptelike opening van hul nuwe basis by Shanandoua op 30 Augustus 1985***

**Voetnotas**

1. Kyk WD Hammond-Tooke: *The Bantu Speaking Peoples of Southern Africa.* (Lendon, 1974) p 67.
2. H.C.M. Fourie: *AmaNdebele van Fene Mahlangu en hun religeus – sociaal leven* (Zwolle, 1921), p 28.
3. M. Legassick: *The Sotho-Tswana Peoples before 1800* (In L. Thompson: *African Societies in Southern Africa*), pp 104–105.
4. SS 487, R 4978/80: Landdros Lydenburg aan koloniale Sekretaris, 13/11/1880.
5. Fourie, *op cit,* pp 38–39.
6. SS 67, R 548/65: P.W.A. Nel aan Staatspresident, 6/5/1865.
7. SS 519, R 4098/80 gevoeg by R702/81: Koloniale Sekretaris aan A.H. Walker, 15/10/1880.
8. Kyk T.R.H. Davenport en K.S. Hunt (reds.): *The Right to the Land,* par 64, p 40.
9. Sn 177: Notuleboek Naturellelokasiekommissie, artikels 19 en 20, 6/10/1882.
10. UR 6: Uitvoerende Raadsbesluit, art 329, 28/10/1882.
11. SS 818, R 2493/83: H. de Beer aan staatsekretaris, 26/5/1883.
12. J.A. Mouton: *Genl Piet Joubert in die Transvaalse geskiedenis* (Argief jaarboek vir SA Geskiedenis 19 deel), pp 68–76.
13. G. McCall Theal: *History of South Africa,* Vol II, p 136.
14. SS 744: R 6209/82: Britse Resident George Hudson aan Staatsekretaris, 11/11/1882.
15. SN 2, ongenommer: Verslag met betrekking tot die getalsterkte van Swartes binne die Transvaal (s.j.) Circa 1879.
16. KG 590, DR 123/83: J.C. Winterbach en andere aan P.J. Joubert, 2/1/1883; KG 590, ongenommer: J.S. Meyer aan P.J. Joubert, 15/1/1883.
17. KwaNdebele Monumentekomitee: *Die Ndzundza-Ndebele en die Mapochsgrotte* (Pretoria, 1983), p 22.
18. Kyk H.P. van Coller: *Mampoer in die stryd om BaPedi troon (Die Mapoch-oorlog, 1882–1883),* pp 35–36 (ongepubliseerde MA-verhandeling, UP 1941).
19. De Volksstem, 6/12/1882.
20. SS 8658, BB 3794.82: Staatsekretaris aan P.J. Joubert, 10/11/1882.
21. SS 8688, BB 6164/82: Staatsekretaris aan P.J. Joubert, 18/11/1882.
22. Van Coller, *op cit.* p 38.
23. SS 747, R 6357/82: Landdros Middelburg aan Staatsekretaris 20/11/1882.
24. Van Coller, *op cit,* p 39.
25. KG 591, CR 109/82: P.J. Joubert aan M.W. Pretorius, 1/12/1882; De Volksstem, 10/12/1882.
26. KG 592, ongenommer: P.J. Joubert aan Mogali, Petrus en Kameel, 28–30/11/1882.
27. KG 591, CR 153/82: J.A. Erasmus aan P.J. Joubert, 2/12/1882.
28. KG 591, ongenommer: S.P. Trichardt aan P.J. Joubert, 5/12/1882.
29. KG 591, ongenommer: S.J. Roos aan M.W. Pretorius, 9/12/1882.
30. KG 591, ongenommer: Verslag van J.A. Erasmus, 8/12/1882.
31. Van Coller, *op cit,* pp 41–44.
32. KG 607: Krygsraadsnotule, 19/12/1882.
33. SS 773, R 252/83: P.J. Joubert aan S.J.P. Kruger, 15/1/1883.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 16, Nr 1, 1986. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

34. SS 773, ongenommer, gevoeg by R252/83: Mogalie aan P.J. Joubert, 15/12/1883.
35. SS 773, ongenommer, gevoeg by R 252/83: P.J. Joubert aan Mogalie, 19/1/1883.
36. Van Coller, *op cit*, p 45.
37. KG 590, ongenommer: J.C. Winterbach aan P.J. Joubert, 20/1/1883.
38. KG 590, CR 123/83: J.A.J. van Rensburg aan P.J. Joubert, 26/1/1883.
39. KG 607: Krygsraadsnotule, 2/2/1883 en 3/2/1883.
40. Van Coller, *op cit*, p 47.
41. Van Coller, *op cit*, p 48.
42. KG 607: Krygsraadsnotule 25/2/1883.
43. De Volksstem 14/3/1883.
44. KG 607: Krygsraadsbesluite 1/3/1883; De Volksstem 21/2/1883.
45. De Volksstem 28/3/1883.
46. SS 805, R 1586/83: Nyabela aan P.J. Joubert deur Kleinbooi, 21/3/1883; KG 593, ongenommer: P.J. Joubert aan Nyabela, 21/3/1883.
47. De Volksstem 28/3/1883.
48. A 699: Dagboek van Daniël Retief, 27/3/1883.
49. Van Coller, *op cit*, pp 52–54.
50. De Volksstem, 25/4/1883; A 6999: Dagboek van Daniël Retief 8/5/1883.
51. Van Coller, *op cit*, p 55, p 57.
52. KG 590, CR 353/83: J.H.N. Visagie aan P.J. Joubert, 12/5/1883; A 699: Dagboek van Daniël Retief 5/5/1883.
53. KG 590, CR 354.83: J.H.N. Visagie aan P.J. Joubert 12/5/1883.
54. SS 832, R 3329/83: P.J. Joubert aan S.J.P. Kruger 9/7/1883.
55. SS 832, ongenommer, gevoeg by R 3329/83: Verslag van P.J. Joubert na aanleiding van sy onderhandelinge met Nyabela, geen datum, ongeveer 11/7/1883.
56. SS 832, R 3363/83 gevoeg by R 3329/83: P.J. Joubert aan S.J.P. Kruger, 13/7/1883.
57. SS 8660, BB 1557/83: Staatsekretaris aan Britse Resident, 13/7/1883.
58. SS 832, R 3363/83 gevoeg by R 3329/83: P.J. Joubert aan S.J.P. Kruger, 13/7/1883.
59. SS 8661, BB 1565/83: W.E. Bok aan P.J. Joubert 13/7/1883.
60. De Volksstem 10/8/1883.
61. KwaNdebele Monumentekomitee: *op cit*, p 24.
62. SS 828, R 3073/83: Kopie Volksraadsbesluit, art 55, 20/7/1883.
63. SS 852, R 4556/83: "Het Gouvernement versus Mampoer", 20/9/1883.
64. SS 852, R 4598/83: "Het Gouvernement versus Niabel", 21/9/1883.
65. UR 6: Uitvoerende Raadsbesluit, art 75B, 17/11/1883.
66. UR 6: Uitvoerende Raadsbesluit, art 74B, 16/11/1883.
67. De Volksstem, 23/11/1883.
68. KwaNdebele Monumentekomitee, *op cit*, pp 24–25.
69. Gerbera, "KwaNdebele open eerste weermagsbasis", September 1985.

Verwysings na primêre bronne te vinde in die Transvaalse Artiefbewaarplek (TAB) Uniegebou.

**Afkortings:**

SS: Argief van die Staatsekretaris van die ZAR
KG: Argief van die Kommandant-generaal van die ZAR
UR: Argief van die Uitvoerende Raad
SN: Argief van die Superintendent van Naturellesake, ZAR
A: Privaatversamelings, TAB.

*Die outeur is 'n Burgermaglid van Militêre Informasieburo (Etnologiese Dienste) en lektor in Geskiedenis aan die Universiteit van Zoeloeland. Hy het onlangs 'n Magisterverhandeling oor die geskiedenis van die Ndzundza voltooi.